Ps. 138: 1-3. Die Krag van Sy Woord | Pr.-Oos 27 Jan. '52 | Riviera 15 Junie 52. | Potch. Suid-oos 30 Jan. 55. | a/Kp 8 Jan. 61

Ges. 36: 1, 4. Mt. 4: 23 - 5: 12
Ges. 91: 7: 24 - 29
[Ges. 79: 2, 4, 5]
2. Ges. 55 3.

Mt. 7: 28 + 29 - En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het [en nie soos die skrifgeleerdes nie]

Die Bergrede bly vir elkeen wat dit aandagtig lees en oordink, 'n nimmereindigende wonder. Dis soos 'n rustige, koel tuin in 'n warm, bedompige stad - elke keer dat 'n mens d/daarin wandel ontdek jy d/in 'n nuwe skoonheid en krag. Is dit 'n wonder dat aan d. einde v.d. bergrede ons lees: Teks?

Om dit te kan verstaan moet ons eers kyk na d. inhoud v sy wd; d/na na d. uitwerking („verslae"); om dan te vra: wat is d. geheim v.d. krag v. Xt. se wd? Dan eers kan d. bergrede ook vir ons dd. betekenis kry

I Die Inhoud v Sy Wd: „Toe Jesus hd. woorde geëindig het" So baie dinge wat ons tref wanneer ons Mt. 5-7 lees: die ryke verskeidenheid van sake wat Xt. aanraak - die praktiese aard van sy prediking - die eenvoud waarmee Hy die moeilikste waarhede verduidelik - nr. bo al d. andersheid waarmee Hy d. lewe sien v benader Dink nr. aan d. wye veld v. onderwerpe wat Xt. aanraak:

① Begin met aantal kort uitsprake oor geluk - een v.d. mees diepgaande behoeftes - uitdagende stellinge wat 'n mens byna jou asem ontneem as Hy elke keer sê: „Salig is..." Elkeen so anders as die weë waarlangs ons ons geluk soek!

② Gewaagde stellinge oor d. Xten se lewe: sout-lig (5:13-16).

③ Die doel v. sy prediking (v. 17-20) – so anders as wat sommige gereken en gehoop het!

④ Hoë eise wat Hy stel i.v.m. naasteliefde – (21-26), sedel. reinheid (27-30), huwelikstrou (31-32), d. waarheid van ons woord (33-37), d. Xten se vergelding & sy oorwinning v. ander se vyandskap (38-48).

⑤ Dan (hfs. 6) gaan Hy voort – laat 'n nuwe geluid hoor i.v.m. liefdadigheid, d. wese v. gebed & die beoefening d'van

⑥ Hy open d. oë v.d. skare vir d. sondige gejaag na geld & goed (6:19–24), die nutteloosheid v. kommer & sorge; Hy stel 'n nuwe lew. ideaal daar – die skepping van 'n nuwe aarde vry van kommer & vrees

⑦ Gevaar van oordeel – beloofte van verhoring van ons gebede – sluit dan af met d. uitdaging tot d. nou poort – die noodsaaklikhd v. 'n lewe in ooreenstemming m. ons woord.

En terwyl ons so ons gedagtes oor al d. sake laat gaan, besef ons: alles wat Xtus op aarde wou leer en gee, is saamgevat in d. Bergrede. Hier het ons in 'n neutedop ~~al~~ d. bdsk. v.d. hele Evangelie so ryk in sy verskeidenheid, so prakties in sy inslag, so ewig in sy redd. krag! En as iemand ons dan sou sê: Die Xt. godsd. is so abstrak, so teoreties, so vaag – met watter sekerhd dan antwd: Ken jy d. Bergrede? — Hoe ryk d. Xten, d. gemeente wat hd. Ev. in al sy omvang kan verkondig & kan aanhoor?

II Die uitwerking v Sy Wd: „Die skare was verslae oor sy leer" Onwillekeurig kom d. vr by ons op: wat het daar omgegaan i.d. gemoedere v.d. skare daar op d. berghang terwyl Jesus besig was om te preek? Dit was 'n lang preek – 'n moeilike preek – elke sin gelaai met verrassende waarhede & nuwe insigte! Wat sou d. uitwerking wees?

Baie interessant om d'op te let dat d. les verkondiging v.d. Ev. i.d. reël 'n driekdige uitwerking het:

① ~~Streling~~ Gestreel: Veral d. geval w/n die gevoel d. grootste rol speel – ons gemoedelik aandoen – ons vir 'n tyd wonderlik lekker laat voel! Wd. v God dan vir ons 'n wd. van skoonheid (Vgl. 1 Kor. 13).
– Nie noodwendig verkeerd – mr. nooit blywend! Want dit raak net een deel v ons lewes – ons gevoel

② Gestig: W/n die Evangelie met ons verstand praat – nuwe waarheid vir ons duidelik word – ons geloofslewe gesterk word deur nuwe insig
– Nodig, mr. nie genoeg nie. As dit werklik Evangelie is – wd. v. verlossing dan baie meer.

③ Gewek: [Ons ons verset teen Gods Wd – ] Dan w/n d. Wd. v God kom ingryp in hart & lewe; ons hele binneste oopskeur – al ons ou geykte lew. patrone deurmekaarkrap – somtyds 'n storm van botsende gevaarwe ~~[illegible]~~ ~~[illegible]~~ losbreek in ons hart! Dan w/n aanvanklik wilde verset broei – gevolg deur diepe verslaenheid by besef: Xtus vra van my te veel!

En tog is dit waar: waar d. Wd. v God ons so geraak het – so ons inn. lewe omgeploeg het, daar kan ons seker wees: Xtus het ons besoek. Daar sal d. saad wortel skiet & vrug dra – nuwe geboorte!

III Die Geheim v.d. Krag v Sy Wd: „Want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het . ."

Dit is d. eienaardige v.d. mensl. wd: Twee mense sê presies dies. ding — die een se woord bring heraering, d. ander s'n bly Kand! Waarom? Omdat by die een sy lewe deel vorm v sy wd. — by ander nie! By Xtus in volm. mate so — wd. v gesag want:

① Wd. v Waarhd: Niks verberg, bedek, verdoesel — hoe hard dit ookal was om te sê! Soms baie diep gesny. v tog almal inst. gevoel: dis waar!

② Wd. v Liefde: Nooit in harde oordeel, nooit in bitter veragt, nooit in liefdelose gees! Elke wd. geheilig deur Sy volm. liefde:

③ Wd. v Verlossing: Elkeen wat gehoor het, of in vernuwe ʒn nuwe gehoor — 'n weg na d. geopende hemele — nuwe bymaking v.d. mensl. lewe soos nog nooit gesien of ~~gehoor~~ Xtus! Watter

Dis d. wonder v.d. Wd. v. ~~God~~ Xtus! Watter uitdaging aan ① predikers ② hoorders!

① Wd. wat bekend gemaak moet word — deurdat dit eers in eie hart lewe! Inal sy ryke omvang bring ② Wd. wat gehoor en gedoen wil word — anders ons huise op sand gebou! (Ons moet d. Wd. v Xt. aanneem of verwerp — kan nie passief altoos staan — dan reeds verwerp!)

— Waarom al d. dinge gesê? Omdat God ook van ^aan ons as gemeente dit vergun om sy Wd. te verkondig (Knegte) — te hoor (gemeente) — v te doen (almal)! Dag na dag, week na week! Waarom heel a.d. begin uitmaak in eie hart ~~e~~ lewe: Sal dit vrug dra?

Amen.